DANKOFFERFEES 2011

Liewe Lidmaat,

Ons is so afhanklik van God se genade. Alles wat ons bymekaar gemaak het en alle suksesse wat ons behaal het en selfs die persoon wie ons is, het God aan ons gegee! Tereg sê Johannes: ***"Niemand besit enige bevoegdheid om iets te doen as dit nie vanuit die hemel aan hom gegee is nie."*** *Joh.3:27*

Ons behoort God elke dag te dank vir Sy genade! Dit doen ons ook deur ons tyd, besittings en gawes aan God te gee, maar die dankofferfees wat ons gemeente op 13 November gaan vier, is 'n **spesiale dankfees waar almal hulle beste offer vir God gee om aan Hom dankie te sê vir 'n jaar se oorvloedige seën!** 'n Offer beteken jy offer op om te gee – bo en behalwe jou tiende wat jy reeds gee. Dankbare gelowiges kan nie anders as om oorvloedig te gee nie. Gee ruim uit jou besittings en eer God met jou offer, want Hy is dit waardig!

U ouderling of selleier sal weer die offer by u kom afhaal. **Ons gaan alles vooraf insamel en simbolies op die 13de November 2011 aan die Here offer**. *(Indien u offer nie afgehaal word nie, kontak dan die kerkkantoor: Tel: (018) 294 8121 vm. op weeksdae).*

Kom ons soek nie verskonings nie. Kom ons eer ons God behoorlik! Lees gerus wat die Bybel oor offervaardigheid sê!

- 'n Werklike offer van dankbaarheid vir wat God jou gegee het (2Kor.9:5)
- God het die blymoedige gewer lief! (2Kor.9:7)
- God ontvang eer, deur ons bereidheid om Hom met ons offers te dien! (2Kor.9:13 en Lev.10:3)
- Ruim bydraes vertel dat ons aan God dink omdat Sy genade oor ons groot was. (2Kor.9:14-15)
- 'n Tiende is 'n Bybelse riglyn waaraan God ons offervaardigheid toets! (Mal.3:8-11)
- Liefde vir God beweeg jou om bo vermoë te offer (vlg. 2Kor.8:1-3 en 2Kor.9:8)

➢ Vir die wat meer oor die gee van tiendes wil weet, plaas ons 'n inligtingstuk op die gemeente webwerf. Besoek www.ngkmiederpark.co.za

WYK OF SEL NR: _____

Vul asb u keuse van bydrae in:

Opsie 1: Eenmalig _____

Opsie 2: Verspreid:

Oktober_____ November_____ Desember_____

Bankbesonderhede: NG Kerk Miederpark, Tjekrek. 680 590 591, ABSA

Verwysing: *Offer -* gevolg deur u wyk/selnommer.

Epos: kantoor@ngkmiederpark.co.za